LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 14/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Dwaal ons soos Isreal?

Die afgelope Paasnaweek was ek op Paas-Vrydag en Opstandings-Sondag in twee verskillende kerke. Dit was vir my verblydend om te sien dat by albei geleenthede albei dienste vol mense was. Uit ondervinding het ek al geleer dat die kinders van ouers wat getrou kerk bywoon gewoonlik meer veerkragtig is as baie van die maats. As ons van veerkragtigheid praat, praat ons nie van meer of minder talent nie. Ons praat van kinders wat die omstandighede waarin hulle hulself bevind beter hanteer en daarin floreer. As ons na die geskiedenis van Israel kyk kan ons duidelik sien, dat wanneer dit sleg gaan met die volk Israel, kom hulle tot inkeer en beweeg terug na God toe. Wanneer dit weer te goed gaan, vergeet hulle van God en beweeg vêr van Hom af. Is dit nie maar met ons ook dieselfde nie? Dit moet soms eers met ons sleg gaan voor ons besef ons het vir God nodig. God belowe nêrens in die Bybel dat dit net goed sal gaan met Sy kinders nie, Hy waarsku ons eintlik dat daar moeilike tye sal kom. Hy belowe egter dat ons met die krag van die Allerhoogste vervul sal word.

## Goegieland

Ons het 'n opwindende week agter die rug en daar lê nog baie pret voor! Hier is belangrike inligting vir die komende dae:

## Week se Program

### 3 Mei 2025

- Landloop te HS Oosterland

### 6 Mei 2025

- Idioomdag Gr. 1 tot 7
- Netballiga vs LS Secunda (Weg)

### 7 Mei 2025

- Netbal o/10 Hoopsdag
- Leiers Groep 2 by Crawdaddy's

### 8 Mei 2025

- Rugby vs LS Ermelo (weg)

### 9 Mei 2025

- Dans vs LS Hoëveld (Tuis)

### 10 Mei 2025

- Bergfiets XCO te Ermelo
- Landloop ASA (Tuis)
- Mini-Netbal & Pumaki's te LS Secunda

### 5 tot 7 Mei 2025

- Redenaars Artistatue

### 9 tot 10 Mei 2025

- Rugby & Netbal B-spanne Toernooi te LS Kruinpark

**<u>Beroepsdag – Vrydag, 9 Mei 2025</u>**
Ons gaan Vrydag, 9 Mei 2025 'n spesiale Beroepsdag hê waar leerders kan aantrek soos die beroep wat hulle eendag wil beoefen. Dink aan brandweermanne, verpleegsters, polisiemanne, sjefs en meer! Dis 'n wonderlike geleentheid vir die kinders om te leer oor verskillende beroepe.

**<u>Instappie: Mense wat ons help – Vrydag, 9 Mei 2025</u>**
Ons gaan Vrydag 'n groep mense verwelkom om ons meer te leer oor mense wat ons help, soos die plaaslike polisiekantoor en brandweerstasie.

**<u>Fotobestellings</u>**
Fotobestellingsbriewe sal op Maandag, 5 Mei 2025 in kleuters se kletssakkies gestuur word. Op Maandag, 12 Mei 2025 om 17:00 sal daar ń geleentheid wees vir maats wat afwesig was om weer foto's te neem. Hierdie geleentheid kan u self reël met Linsy van Beyond Temporary Photography. U kan haar kontak by 082 659 1718. Herinnering dat alle fotobestellings teen Vrydag, 30 Mei 2025 ingehandig moet wees. Geen laat bestellings sal aanvaar word nie.

Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning!

Groete uit Goegieland

## Pasella vakansie

In die begin van die maand was dit ongewoon met 'n April-vakansie. Volgende week word die vakansie voortgesit met 'n spesiale vakansie aan die einde van die maand. Ons vertrou dat u 'n geseënde tyd saam met u gesin sal hê gedurende volgende week. Lekker rus en keer veilig terug na die vakansie.




## Dankbaarheid


Jesus leef, Sy kruisiging het vir ons verlossing gebring! Dankbaar vir 'n dak oor ons kop.



# Akademiese Top 10 – 1ste Kwartaal

## Graad 4



1 Renette Reyneke


2 Reinhardt Reyneke


3 Marno Gampher



4 Charlize Labuschagne


5 Jeandré Koekemoer


6 William Schwab


7 Alexander Schnuir


8 Kiani de Beer


9 Jason Hartzenberg


10 Cindy Bredenhann

## Graad 5


1 Emma du Plessis


2 Marisa Mouton


3 Kiana Prinsloo



4 Linay Hartzer


5 Kaitlyn Shackleford


6 Olivia Ter Poorten


7 Marno Marais


8 Melandie Faber


9 Hanno Luwes


9 Zoe-Jane Steyn




# Akademiese Top 10 – 1ste Kwartaal


## Graad 6































## Graad 7






















## Johan Smith

Ons nooi graag alle ouers vir 'n aand van ouerskapverryking op Woensdag, 14 Mei 2025 om 18:30 by Kruik met skrywer, prediker en ouerskapkenner Johan Smith. Koste beloop R50/kaartjie. Volg gerus die skakel om te bespreek.




**Die Skakel!** → **Johan Smith**

## Kan ek dit waag?

Ons as skool is al vir 'n geruime tyd bekommerd dat ons ouers nie meer die kinders neem om kerk by te woon nie, Sondagskool toe gaan om die stories uit die Bybel te leer en maats te maak met gelowige kinders nie. Dit is vir my baie keer moeilik om vroeër op te staan om te gaan oefen, maar ek vind hoe meer gereeld ek dit doen, hoe makliker word dit. Dit is nie lekker om op te staan om te oefen nie, maar wanneer ek klaar geoefen het, is ek altyd bly ek het dit gedoen. Dieselfde geld ook vir kerk toe gaan. Dit is ekstra moeite om op te staan, mooi aan te trek, en kerk toe te ry. Wanneer ek iets van God geleer het, en ek die Here ontmoet het, is ek altyd bly ek was daar. Moenie die waarde hiervan misken nie, God stuur Sy engele om oor Sy kinders te waak. Kan ek dit waag dat ek en my gesin nie deel van Sy kinders is nie?







## Drama Junior Internekompetisie


Baie geluk aan die volgende leerders wat as wenners aangewys is in hul betrokke kategorie.

| | |
|---|---|
| Donné Pretorius | - Voordrag Gr. 0 |
| Zetcke Soule | - Gedramatiseerde Poësie Gr. 0 |
| Leah Nieuwoudt | - Gedramatiseerde Poësie Gr. 1 |
| Leia Zwarts | - Mimiek Gr. 1 |
| Mia van der Merwe | - Voordrag Gr. 2 |
| Luka Breytenbach | - Gedramatiseerde Poësie Gr. 2 |
| | - Dramatised Poetry Gr. 2 |
| Amoré Pretorius | - Voordrag Gr. 3 |
| Mia-né Smit | - Gedramatiseerde Poësie Gr. 3 |
| | - Dramatised Poetry Gr. 3 |
| Pippa Jevon | - Gedramatiseerde Poësie Gr. 3 |

























| 28 Apr | 29 Apr | 30 Apr | 1 Mei | 2 Mei | 3 Mei | 4 Mei |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jakes Meyer | | Frederik Stander | Shaundee Bates<br>Melanri Hammond<br>Jacolene J v Vuren<br>Ellie v Niekerk | Clayton Schreuder<br>Connor Jacobs | Rhynardt Blignaut | Mila Maré<br>Liané Boshoff<br>Dalton Britz<br>Barend Pieterse<br>Vidél Sanderson<br>Reuben Petzer |
| **5 Mei** | **6 Mei** | **7 Mei** | **8 Mei** | **9 Mei** | **10 Mei** | **11 Mei** |
| Hendrico Meyer<br>Pippa Jevon<br>Mia Justus | Graysen Moolman | HP Labuschagne<br>Dehan Dalgleish<br>Kaylene Meintjes<br>Michaelan Hughes<br>Arleen Landman<br>Franco Mostert | AD Smuts<br>Lian du Toit | Henry Jacobs | Sue-Ann J v Rensburg<br>Ruzelle Grobler | Suané Smit<br>Morné Nortjé |

# Drama Seniors Interne Dramakompetisie

Baie geluk aan die volgende itemwenners tydens die seniors se interne dramakompetisie.

**Graad 4 tot 5**

| | | |
|---|---|---|
| Kaitlyn Shackleford | - | Monoloog |
| | - | Voordrag |
| | - | Gedramatiseerde Poësie |
| Linay Hartzer | - | Undramatized Poetry |
| Melandie Faber | - | Mimiek |
| | - | Dramatized Poetry |

**Graad 6 tot 7**

| | | |
|---|---|---|
| Leané Luddick | - | Monologue |
| | - | Mimiek |
| | - | Gedramatiseerde Poësie |
| | - | Dramatized Prose |
| Milan Zwarts | - | Monoloog |
| | - | Undramatized Poetry |
| | - | Dramatized Poetry |
| | - | Gedramatiseerde Prosa |
| Karlienke Norman | - | Voordrag |














# Netbal

Ons ligawedstryde het Dinsdag, 22 April 2025 afgeskop teen LS JJ van der Merwe. Ons dogters het hard gewerk en deursettingsvermoë getoon. Die telbord is nie altyd in ons guns nie, maar sodra mens die beste lewer, is dit goed genoeg! Baie geluk aan die o/12A- en o/13A-spanne met hul oorwinnings. Op Dinsdag, 6 Mei 2025, speel ons teen LS Secunda die 2de ligawedstryd. Ons nooi ons ouers uit om ons te kom ondersteun. Ons speel op LS Secunda se bane. Hoop om almal daar te sien.

# Rugby vs LS TP Stratten

Die Rugby B-spanne en die 3des het op Dinsdag, 22 April 2025 vriendskaplike wedstryde teen Laerskool TP Stratten se A-spanne gespeel. Dit was 'n goeie geleentheid vir ons B-spanne.

# Rugby Gert Sibande Streekspanne

Baie geluk aan die volgende seuns wat opgeneem is in die Gert Sibande Streekspanne vir 2025:

**o/12**

Zian Mocke
Ewan Rynders
Daantjie Lesch
CJ Meyer
Nico vd Westhuizen
Waldt v Niekerk
Jayden v Aswegen
Jeandré Oosthuizen
Jayden Ferreira

**o/13**

Edmund Ferreira
Lyndon Dodd
JC Steenekamp
Armand Joubert
Nico Becker
Ethan Dodd



































# Skaak te LS Marietjie van Niekerk

Baie geluk aan die volgende spanne wat al die regte skuiwe gemaak het en podiumplekke behaal het tydens LS Marietjie van Niekerk se vriendskaplike byeenkoms op Woensdag, 23 April 2025.

o/9-span - 3de plek
o/11-span - 2de plek
o/13-span - 1ste plek







# Skaak te LS Secunda

Baie geluk aan die o/13-span wat al die regte skuiwe gemaak het en ‘n 3de plek behaal het tydens LS Secunda se vriendskaplike byeenkoms op Woensdag, 16 April 2025.




LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr. Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**